
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

BESLUITE VOLGENS GOD SE WIL

Wanneer dit op daardie plek in ons lewe kom waar ons 'n belangrike besluit moet neem, meeste Christene begeer werklik om die regte besluit te neem, die een wat in lyn is met die Woord en Wil van die Here. Hulle besef heel korrek dat dit in alle opsigte suksesvoller sal wees as hulle God aan hulle kant het in die besluit wat hulle op die punt staan om te neem! Die vraag is egter, "hoe weet jy wat God wil hê dat jy in die situasie wat jy in die gesig kyk moet doen?" Heel eerste, die belangrikste ding om te onthou is dat **God se Woord Sy Wil is,** dus sal Hy nooit van jou verwag om 'n besluit te neem wat teen Sy Woord sou wees nie. Jou besluit moet altyd in lyn met Sy geskrewe Woord, die Bybel, wees!
Byvoorbeeld, daar bestaan geen twyfel hoegenaamd of jy egskeiding moet oorweeg of nie, omdat God se Woord duidelik sê dat Jesus teen egskeiding is en dus word egskeiding glad nie 'n opsie nie en jy weet dat God wil hê dat jy vir versoening moet bid (Mark. 10: 3 – 12). Dieselfde geld ook vir skeiding van die familie eenheid, want dit het 'n negatiewe impak op elke lid van die familie.

Enige besluit wat jy moet maak wat jou in die skuld sal lei is ook nie volgens God se Woord nie omdat daar geskryf is dat ons niemand iets mag skuld nie maar dat ons mekaar moet liefhê (Rom. 13:8). Om skuld te maak wat jy weet jy nie sal kan terug betaal nie, is teen Sy Wil. As jy jouself in 'n finansiële krisis bevind en 'n uitweg wil hê, vra jou Hemelse Vader om jou te help en Hy sal jou wys hoe! Die Bybel sê in **Jak. 1: 5-6: En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.** Die gedeelte van die Skrif verseker ons dat God vir jou die nodige wysheid sal gee vir elke situasie as jy dit vir **Hom** in geloof vra. Vra Hom dan om Sy leiding te bevestig, want uit die mond van twee of drie getuies sal die waarheid vasgestel word sê die Bybel vir ons in Matt. 18:16 en een van hierdie bevestigings moet uit Sy Woord kom.

Ek weet egter ongelukkig van tye wanneer iemand beweer het dat hy werklik van die Here wil hoor aangaande 'n sekere besluit wat hulle moet neem, maar hulle het eintlik klaar besluit oor wat hulle gaan doen en hulle soek net God se "vergunning", so te sê, deur aanspraak te maak dat hulle Sy raad gesoek het. As die antwoord wat hulle van die Here ontvang hulle nie pas nie, vind hulle 'n verskoning om hulle eie ding in alle geval te doen! Jy sal nooit van die Here hoor as jy nie van plan is om sy advies te volg nie, omdat Hy jou hart ken, of jy werklik Sy wil wil doen, of die besluit wat jy alreeds diep in jou binneste geneem het te regverdig! Jy moet die hele situasie en reeks omstandighede aan Sy voete neerlê en bid, "nie my wil nie Vader, maar U wil", en Hom dan vertrou om jou te wys wat om te doen. **Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak. (Spr. 3 :5-6).**

Om 'n besluit aangaande Sy **geopenbaarde Wil** te maak is natuurlik maklik, dan neem jy die besluit om volgens Sy Wil te bid, byvoorbeeld:
REDDING: **(Joh. 3:16) Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**
GENESING: **(1 Pet. 2:24) wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle**

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

genees is.

VOORSIEN IN JOU BEHOEFTES: **(Fil. 4:19) En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.**

STEL DIE GEVANGENIS VRY – van alkohol, dwelms, seksuele perversie ens. **(Luk. 4:18 - 19) Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur.**

God wil hê dat jy gered, genees, bevry van misbruikende substansies moet word en dat al jou behoeftes vervul moet word. Ons kies om ons wil te gebruik om in lyn met Sy Wil te kom!

Die belangrikste besluit wat jy ooit in jou lewe geroep sal word om te neem, is om Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser te ontvang sodat jy die Ewige Lewe kan beërf. **(1 Joh. 5 :11-12) En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.**

Ons kom dus nou tot die gevolgtrekking dat daar slegs twee keuses is: 'n Ewigheid met God die Vader en Jesus Christus (lewe), of 'n ewigheid in 'n poel van vuur saam met die duiwel en sy bose magte (dood). (Lees Openbaring 20:10 en 15).

'n Keuse vir jou ewige lewe met God vereis dat jy jou hele lewe aan God sal toevertrou en dit is die beste keuse wat jy ooit sal maak! Hier volg basiese stappe vir hierdie belangrikste besluit van jou lewe: Die keuse is joune.

BEROU EN BEKERING

Dit beteken om weg te draai van jou huidige lewe na God se reëls en voorskrifte in die Bybel. Op die eerste Pinksterdag nadat die Heilige Gees uitgestort was en Petrus die evangelie verkondig het, het die mense die volgende vraag gevra: **Wat moet ons doen, broeders?** En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** (Hand. 2:38). En ons lees ook in **Hand. 17:30: God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer.** Let op: Al die mense….. (niemand word uitgesluit nie) met bekering as eerste vereiste.

In Grieks (die oorspronklike taal van Nuwe Testament) beteken bekering: om van besluit te verander. In Hebreeus (oorspronklike taal van Ou Testament) beteken dit: om van rigting te verander. Nadat 'n mens 'n besluit gemaak het om sy lewe aan die Here te gee, kan sy lewe slegs verander word deur God se Wil in Sy Woord te leer ken. Lees dan asseblief jou Bybel biddend en gereeld, sodat die Heilige Gees jou kan leer, lei en herinner aan alles wat Jesus beveel het en jou oortuig van sonde en geregtigheid.

Paulus vertel ons in Hand. 20:21: **Terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.** Bekering is 'n keuse. Met ware berou en bekering word ons liefde vir God wakker gemaak en raak die pad van geloof in Jesus Christus 'n pad van vrede en vreugde.

Ons Hemelse Vader reageer altyd op 'n berouvolle hart en ons lees in **Klaagl. 5:21: Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd.** Deur Sy groot genade begin die Heilige Gees van God die werk van bekering in ons. God trek ons volgens **Joh. 6:44: Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.** Ons lees in **Openbaring 3:20 : Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My,** maar ons maak self die finale keuse. Moenie dat jou oomblik van genade jou vir altyd verbygaan nie! **Hand. 2:38: En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** Petrus gee hier instruksies van God: **Bekeer en laat julle doop……**

In **Markus 16:16** sê Jesus: **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.** Dikwels hoor 'n mens gelowiges sê dat hy hom sal laat doop wanneer die Heilige Gees hom oortuig. Dit is werklik 'n wanbegrip. Die doop na bekering is 'n opdrag in die Woord van God wat juis deur die Heilige Gees geïnspireer is. Om jou te laat doop na bekering is dan 'n aksie van gehoorsaamheid, en kies self of jy gehoorsaam gaan wees of nie! Dis jou besluit.

Die pad saam met God begin dus altyd by berou en bekering, of ons nou die eerste keer hierdie keuse maak of ons dalk afvallig geraak het. Bekering is 'n keuse wat jy moet maak omdat niemand anders dit vir jou kan maak nie en niemand anders kan dit vir jou doen nie. God het gesê dat in die laaste dae sal alles wat geskud kan word geskud sal word, ons lees dit in die Boek Hebreërs.

Vader God se begeerte is om die karakter van Sy Seun Jesus binne die lewens van diegene wat Hom as hul Verlosser ontvang het te bou. Ons wat Jesus as Here ken word dag na dag verander na Sy

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf bls. 2)
beeld soos ons kies om onsself oor te gee aan die werking van die Heilige Gees. Ons moet alle sonde in ons lewe erken, dit bely vir wat dit is, berou hê daaroor en ons rug daarop draai. Hierdie reaksie van ons veroorsaak dat God na aan ons kom en in ons behoeftes voorsien. Hy sal die gebrokenes van hart genees en oorwinning gee in elke geveg. Kies om 'n lewe van berou te leef en wandel in Sy vrede en voorsiening. Jy kies.

VERGIFNIS

Mark. 11:25: En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle IETS teen IEMAND het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.

Om te vergewe is weereens 'n keuse uit vrye wil. Dit het ook niks te doen met 'n "gevoel" of 'n emosie nie. Soos ons duidelik sien in Mark. 11:25, vergewe die Vader nie ons oortredinge as ons onvergewensgesind teenoor ander is nie. Jou gebede word selfs nie verhoor wanneer jy onvergifnis in jou hart het nie. Dis eintlik net wysheid tot jou eie voordeel om te vergewe, maar dwaasheid om aan onvergifnis vas te hou. Jy het die mag om te vergewe, daarom, vergewe elke ander persoon onvoorwaardelik afgesien wat hy aan jou gedoen het. So word ook die mag van die pyniger gebreek.

In Matt. 6:12 lees ons die Onse Vader gebed: **en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.** Die Griekse vertaling gebruik verlede tyd: soos ons ook ons skuldenaars vergewe het, met ander woorde ons moes reeds ons skuldenaars vergewe het wanneer ons by God vergifnis vra.

As voorbeeld kan ons kyk na die moeilike aangeleentheid waar 'n man ontrou aan sy vrou was. Sy sou dan 'n hele aantal wettige skuldbriewe in haar hand kon hou: Hy skuld haar getrouheid, respek, liefde, ondersteuning, ens. Die duiwel sou haar baie graag wou oortuig om aan hierdie skuld vas te hou. Nou moet ons in gedagte hou dat God die Vader 'n groot aantal skuldbriewe teen ons in Sy hand het … dink maar net aan Jesus Christus wat as skuldoffer aan die kruis moes hang. God se ooreenkoms is egter dat as jy jou skuldbriewe van ander opskeur, dan kan Hy jou oortredinge verwyder soos die ooste van die weste – en Hy sal daar nooit weer aan dink nie – Halleluja! (Lees ons boek Die krag van Vergifnis).

God se voorskrifte is altyd uiters prakties en logies en altyd gerig om jouself te bevoordeel. God is almagtig. Hy het nie ons gunste en gawes nodig nie, maar omdat Sy liefde en Genade vir ons so groot is, wil Hy ons graag help en red. Moenie onvergifnis vertroetel soos 'n giftige slang aan jou bors nie. Raak ontslae daarvan en jy sal sommer ook baie beter voel. Kies om te vergewe!

INFILLING MET DIE HEILIGE GEES.

Nadat jy bekeer is en jy jou laat doop het – die doop van die gelowige, kan jy die doping in die Heilige Gees ontvang. In die Boek Handelinge lees ons dat die herrese Jesus vir Sy dissipels gesê het om na Jerusalem te gaan en te wag op die uitstorting van die Heilige Gees wat Sy Vader belowe het aan hulle wat geglo het.

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie (Hand. 1:4-5). Dan sien ons in Handelinge hoofstuk twee hoe dit vervul is: **En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. (Hand. 2 :1-4).** Let op dat die bewys van die ontvang van die vervulling met die Heilige Gees was dat almal in ander tale gespreek het. Toe het Petrus opgestaan en aan die toeskouers verduidelik wat plaasgevind het en ons lees in **Hand. 2: 38 – 39: En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.** Dus sien ons dat die belofte van die Doop in die Heilige Gees steeds vir alle gelowiges van vandag is – maar ons moet 'n besluit neem om die wonderlike Gawe van God te ontvang. Dit is ons keuse of ons met die Heilige Gees vervul wil word of nie en die gawe van 'n nuwe Hemelse taal te ontvang.

Moet asseblief nie dink dat die ondervinding net vir die Pinkster of Charismatiese mense is nie! Nee Geliefde, om te bid in tale, 'n gebedstaal te hê, IS VIR ELKEEN VAN GOD SE KINDERS, en dus OOK VIR JOU. Maar weereens val die klem hierop dat dit nie 'n gevoel is nie: om in tale te bid is 'n KEUSE 'n WILSBESLUIT. **1 Kor. 14 :14-15: Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.**

Wanneer jy gedoop is in die Heilige Gees is die bid

(Vervolg of Bl. 4)

in tale nie 'n gevolg van 'n innerlike ontploffing nie – dis 'n BESLUIT. JY KIES om in tale te bid, soos die Gees jou leiding gee - en dis nie 'n emosie nie.

Hand. 2:4: En HULLE is almal vervul met die Heilige Gees en (HULLE) het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Let op: HULLE het begin spreek, nie die Heilige Gees nie. God gee die woordeskat; maar JY doen die uitspreek daarvan. JY KIES om dit te doen. Ek kan nie die belangrikheid van die bid in tale, dikwels, daagliks, genoeg beklemtoon nie! Dan kry jy nog steeds Christene wat òf skuil agter die tradisionele leraar se menslike leerstelling dat sò 'n gebedstaal nie vir elke Christen bedoel is nie, òf die Pinkster Christen wat dink as hy eenmaal in tale gebid het die dag toe daar vir hom gebid was, was dit genoeg en hy hoef dit nie verder te gebruik nie.

Judas 20 en 21: Maar julle, geliefdes, moet julleself OPBOU in jul allerheiligste geloof en IN DIE HEILIGE GEES BID en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag.

Ef. 6:18: Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees….

Hierdie laaste vers vorm deel van die beskrywing van die volle wapenrusting wat God aan die gelowige gee vir geestelike strydvoering. BID IN DIE GEES is dus deel van daardie wapenrusting: hoe sal jy dan ooit suksesvol kan stryd voer teen sonde en satan sonder jou VOLLE wapenrusting wat BID IN TALE insluit?

Maar lees weer Judas 20 en 21 hierbo, en dan lees jy ook Judas vers 15. Hier praat God van die vreeslike goddeloosheid in die Eindtye (Hy gebruik vier maal die woord *goddelose.*) Hoe kan die Christen homself dan van hierdie goddeloosheid bewaar in die bose tye? DEUR IN DIE HEILIGE GEES TE BID - dis wat verse 20 en 21 sê. Waarom dan nog enigsins twyfel oor hierdie uiters belangrike saak van BID IN DIE GEES?

Maar moenie wag vir 'n gevoel nie – dis JOU KEUSE. BESLUIT om in tale te bid, en DOEN dit – DOEN dit DIKWELS. Wanneer jy in jou motor ry; in die bad sit; kos kook – daar is sò baie geleenthede. **Bid in tale, sing in tale.** Verheerlik God op hierdie wyse, voer so jou geestelike stryd. Stig jou sò en bewaar jouself van die goddelose op hierdie wyse. Dis jou BESLUIT!

Sò is die hele Christenwandel: nie gevoelens nie, maar daadwerklike besluitnemings en optredes. Begin JY vandag om te KIES en let op die groei in jou geestelike lewe, wat dan uitkristalliseer in jou fisiese lewe. . KIES dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag….

UIT ONS KANTOOR

Liewe familie in Jesus,

Ons wil een en almal van julle bemoedig om sterk en ferm en standvastig in die geloof te staan. Moenie weifel! Ek weet dat baie van julle op die oomblik deur beproewinge en rampspoede gaan en dit is die tyd om die Here met jou hele hart te vertrou en om Sy Woord oor jou situasie te verklaar. Jesus het vir Sy dissipels gesê in Matt. 21:21: **Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het ('n standvastige staatmaak vertroue) en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see — sal dit gebeur.**

Elkeen gaan deur seisoene wanneer die uitdagings van die lewe oorweldigend voel. Gedurende hierdie tye is dit maklik om versoek te word om te praat hoe sleg dinge is. Miskien ervaar jy nou 'n situasie wat onmoontlik lyk. Moenie ontmoedig raak en opgee nie, want God wil iets ontsagwekkend in jou lewe doen. In plaas van om met God te praat oor hoe groot jou probleme is, praat met jou probleme oor hoe groot jou God is. Wees sterk en begin om guns oor daardie situasie te spreek. Sê elke dag, "Vader, dankie dat U guns dit omdraai. Dankie dat U guns 'n weg maak selfs al kan ek nie 'n weg sien nie. Here dankie dat U guns buitengewone,verbasende, oorweldigende dinge doen." Wanneer jy jou geloof so vrystel, sal jy sien dat God optree en wonderlike dinge doen wat jy nooit tevore gesien gebeur het nie! Onthou, selfs al kan jy nie sien hoe dinge ooit kan uitwerk nie, God kan. Doen net jou deel en hou aan om met daardie berge in jou lewe te spreek. Verklaar guns oor daardie situasies en wees gereed om voorwaarts te beweeg in die oorwinning en seën wat God vir jou voorberei het! Amen en Amen! Ons bid elke oggend vir julle wanneer ons nagmaal gebruik, die Here sal in elke behoefte van jou voorsien en jou en jou familie beskerm. Onthou dat God jou liefhet en altyd net die beste vir jou wil hê. Ons wil hierdie geleentheid gebruik maak om julle almal te bedank vir julle wonderlike ondersteuning deur liefde, getuies, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die ware Goeie Nuus te verkondig in hierdie eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog hou.

Mag die Here u een en elk oorvloedig seën. Baie liefdegroete van ons almal by die Christelike Sentrum.

Meg en die Gebedspan

Praying the Prayer of Faith

One of the most important things God explains to us in His Word is how to communicate with Him. There is only one way to communicate with Him and according to His Word it is through prayer. It is important to remember that when we pray to our Heavenly Father we must "speak" our prayer to Him. Prayer is not simply just "thinking" a prayer request, it must be voiced.

James 4:2-3: Ye lust, and have not: ye kill and desire to have, and cannot obtain: ye fight and war, yet ye have not, because ye ask not. Ye ask, and receive not, because ye ask amiss, that ye may consume it upon your lusts.

Here the Lord tells us that we don't receive because we ask amiss. For 45 years I was one of those who did not receive from God, BECAUSE I PRAYED AMISS!

Tradition taught me to call on the Name of the Lord and then to blame Him for all my problems.

"Lord, why did you let this sickness come upon me? Please help me to carry my cross. I don't understand why, but I know you gave me this financial crisis to teach me something." Then I listed all my needs, and closed off by saying, "If it is Your will, heal me and give me the things I asked for". I had been indoctrinated by incorrect religious teaching and in ignorance was actually blaming God for the works of Satan. We read in **John 10:10: The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.**

Thus you have made the commandment of God of no effect by your tradition. Mark 15:6.

The next day when my prayers had not been answered I would just repeat the same kind of prayer:

1. All my complaints against God the Father
2. A list of my needs
3. If it is Your will, please give me what I asked for and I would just continue to repeat my prayer over and over again without any results. I eventually felt that I was praying against a brick wall and that God was not listening to me. Never did I realise that this repetitive process was just what Jesus warned us against, comparing it to the prayers of the heathen.

Matt. 6:7 But when ye pray, use not vain repetitions, as the heathen do: for they think that they shall be heard for their much speaking. I know what you have need of long before you ask.

We, His children were left an inheritance through Jesus Christ's death on the cross of Calvary. He suffered that cruel death so that we could be reconciled to Father God and receive His promises.

The Bible is also very clear about WHO is to blame for the miseries and destruction of man.

John 10:10 The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.

Acts 10:38 How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, and healing all that were <u>oppressed of the devil</u>; for God was with Him.

Luke 13:16 And ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom Satan hath bound, lo, these eighteen years, be loosed from this bond on the sabbath day?

The first witness we use regarding prayer is the Apostle John.

1 John 5:14-15: And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask anything according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.

God says that we can have this confidence (trust) in Him, that if we pray according to His will, He will answer our prayers! NOTE: not, IF it is His will, but ACCORDING to His will. How can we know the Will of God, and where do we find it? In His Word: HIS WORD IS HIS WILL.

His Word teaches us to pray for each other to be healed (James 5:16) THIS IS THE WILL OF GOD.

His Word says the believer shall lay his hands on the sick and they shall recover. (Mark 16) It is God's will to heal you, that is why you can pray for healing according to His Will and instructions.

If you pray "if it is Your will", it indicates that you do not believe what God has said and has instructed you to do. In other words you doubt His Word, and God tells us in James 1 verses 6 & 7 that if you doubt, you will not receive anything from Him.

In John 14-15 and 16 Jesus said 7 times that we can ask anything in His Name and He will do it for us, or ask in His Name and His Father will do it for us. The will of God is made clear in the Word of God. In Exodus 15:26 … I am the God that Healeth thee. He goes on to say that if we know that He hears us we can have confidence. THIS IS DYNAMITE. God cannot lie. (Titus 1:2) Therefore the first key to answered prayer which we see in the Word, is that we need to pray according to His will.

Find the will of God for your circumstances before you ask. If you pray according to His will, you can be assured your prayer is heard. God places the responsibility upon us, to find out what His will is pertaining to our need before we pray. Of course there will be circumstances in all of our lives where we do not know what the will of God is. For example when we plan our outreach services we pray: "Lord, we desire to have a meeting in Preto**ria, if it is your Will." Nowhere in the Bible does it men-**

tion whether or not we should have a service in Pretoria on a particular date, but the Word does instruct us to GO and preach the Gospel to the entire world and heal the sick: (Mark 16:15-18)
I do not always know where and when, but we trust Him and know He will guide us to where we should go, as we commit the request to Him in prayer. When His disciples came to Jesus they asked: Lord, teach us to pray". (Luke 11:1) He answered their request in great detail. God Himself taught us how to pray, which is contrary to the way tradition has taught us. However regardless of sickness and problems, we are to thank and praise Him daily without ceasing, for all the good things that come from Him, and you'll experience His presence and blessings. We read in James 1:17 that: **Every good and every perfect gift is from above, and cometh down from the Father of lights, with whom is no variables, neither shadow of turning.** God gives good gifts and He never changes.
Pray the solution – pray the answer.

Jesus gave us an example of how we should pray. God also tells us here that He knows what our needs are long before we ask, in other words, God knows our needs, we don't have to continuously pray the problem, but ASK FOR THE ANSWER. He even knows the number of hairs on our head.
Matt 6:9 OUR FATHER WHICH ART IN HEAVEN, HALLOWED BE THY NAME:
Start by praising and worshipping God, and see Him as your Heavenly Father. He said if our earthly fathers who are sinners know how to give us good gifts, how much more will our Heavenly Father give us. Often we are the stumbling blocks in our own prayer lives and don't receive because we ask amiss.
James 4:3 Ye ask, and receive not, because ye ask amiss.
Matt 9:10: THY KINGDOM COME, THY WILL BE DONE ON EARTH AS IT IS IN HEAVEN
I am sure you agree with me that in the Kingdom of Heaven no sickness or poverty exists. On the contrary, the gates are of pearl, the streets are of gold and the walls are filled with precious stones. God lives there and His will is done there. There is peace that passes all understanding and perfect love can be found there. Jesus is saying, we need to pray that this will be done on the earth; free from sickness and poverty, with an abundance of peace and love.
It is very important that you understand that we are not talking about praying down some unknown, strange and fatal will! We know that God's Word is His will, and His Word says God desires the best for us.
3 John 2: Beloved, I wish above all things that thou mayest prosper and be in health, even as thy soul prospereth.
This is why we can ask with boldness and joy that HIS will be done on earth as it is in heaven, where there is no sickness and misery.
Therefore, to pray for healing or any other aspect His Word is clear about, and then to ask "if it is your will", is in actual fact cancelling your own prayer, saying "Lord, I am not really sure if you will heal me, I am not sure if you paid the price for my sickness – I doubt your love for me." You pray and don't receive, because ye ask amiss…and doubt.
James 1:6-8: But let him ask in faith, nothing wavering. For he that wavereth is like a wave of the sea driven with the wind and tossed. For let not that man think that he shall receive any thing of the Lord. A double-minded man is unstable in all his ways.
Matt. 6:11 GIVE US TODAY OUR DAILY BREAD…
Matt. 6:14-15 to this: For if ye forgive men their trespasses, your heavenly Father will also forgive you: But if ye forgive not men their trespasses, neither will your father forgive your trespasses.

To forgive is a definite condition to answered prayer! If you don't forgive, God won't answer your prayer. By forgiving (unconditionally) you are doing yourself a favour, rather than the person you forgive. By nurturing unforgiveness in your heart, you will end up in the hands of the tormentors! **(Matt. 18:32-35)** The moment you decide not to forgive, you give an opening to demonic influence (tormentors).
Matt 18:32-35 Then this lord, after that he had called him, said unto him, O thou wicked servant, I forgave thee all that debt, because thou desiredst me: Shouldest not thou also have had compassion on they fellow servant, even as I had pity on thee? And his lord was wroth, and delivered him to the tormentors, till he should pay all that was due unto him. So likewise shall my heavenly Father do also unto you, if ye from your hearts forgive not every one his brother their trespasses.
Jesus forgave us our sins by suffering and dying upon that cross, for this reason we are obliged to forgive. Jesus looked down from the cross and said: **Luk. 23:34: Then said Jesus, Father, forgive them; for they know not what they do.**
To forgive with the reservation of not forgetting, is not forgiveness. God says He will remember your sin no more. (Heb.8: 12) This is the way He expects us to forgive our fellowman FORGIVE AND FORGET.
Matt 6:13 AND LEAD US NOT INTO TEMPTATION
It is interesting to note that James says that God does not tempt any man, neither can He be tempted with evil. (James 1:13) I would say that God wants to help us to resist all **temptation. Now look at the second request, but deliver us from evil…**
Jesus delivered us from evil, that is why we can cast out devils in His Name. (Mark 16).
Matt 6:13 FOR THINE IS THE KINGDOM, AND POWER, AND THE GLORY FOR EVER. AMEN.
Again, God wants our thanksgiving and praise.

God inhabits the praises of His people. This will be a sign to God of our trust in Him, and that He had answered our prayer and that the manifestations of this answered prayer will become evident.
It is very simple: You do what God says and receive the blessings He promised, or you don't do it and pray in vain.

The third witness I want to use is Mark Chapter 11. V23: **For verily I say unto you, that whosoever shall say unto this mountain be thou removed and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass, he shall have whatsoever he saith.**
How can we throw mountains into the sea? The mountains the Lord talks about are the burdens of heartache, frustration, sickness and poverty. The mountain can become so big that soon you won't be able to see over it. But thank God, He showed us how to get rid of these mountains in our lives.
And Jesus answering saith unto them, Have faith in God. (Mark 11:22) To pray without faith (trust) is a lost cause. Without faith it is impossible to please God. (Heb. 11:6)
Faith then is believing something you HAVE NOT YET SEEN. First to see and then to believe is not faith (trust). The world believes that way: "seeing is believing." The Bible says: "first believe then you'll see." I often say that if we could believe (trust) God the way we believe (trust) man, we would have no problems with faith. Let me explain: If I should phone you and tell you that I have given you ten copies of this book you are reading, you will say: "Thanks Dr James. I really appreciate it" You will then start planning to whom you are going to give these copies, and where you'll keep the rest. YOU REACTED AS IF YOU ALREADY HAD THEM, and all this on a man's word.
1 Pet 2:24: Who his own self bare our sins in his own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: by whose stripes ye were healed.
Not for a second can we then doubt Jesus' wounds and death on the cross. Still we find it so hard to believe (trust). Our mouths confess our faith (trust), but WE DON'T ACT AS IF WE BELIEVE. May I add also that Satan can cause us to stumble through the words of our own mouths. Mark 11:23 says we can have what we say! The Lord told an evangelist "I told my people they can have what they say, but they just say what they have."

In Prov. 6:2 Solomon writes that we are snared by the words of our mouths, and that life and death are in the power of the tongue. (Prov. 18:21)
Mark 11:24: Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.
It says: WHEN YE PRAY, in other words, At the time you pray, believe that you receive. It doesn't help to believe (trust) when you receive, but BELIEVE (trust) THAT YOU RECEIVE WHEN YOU PRAY. If you pray in this manner you won't have to pray the same prayer tomorrow and the day after as you trusted that you received when you prayed the first time. This is the kind of faith (trust), whereby you believe (trust) you receive when you pray, that God honours because you are now acting in obedience to His Word: Faith then cometh by hearing, and hearing by the Word of God. (Rom. 10:17). It is not scriptural to ask for more faith (trust); act upon what you have and God will give the increase.

Mark 11:25-26: And when ye stand praying, forgive, if ye have ought against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses. But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.
Can you see how this condition of forgiveness is repeated time and time again? It is deplorable to see how much unforgiveness there is to be found in the Church. No wonder our prayers aren't answered, not only our personal prayers, but also those for our community and country. What about our unforgiveness towards other creeds and races? We pray for peace and look to God for it, but our hearts are filled with hatred, judgement, resentment and unforgiveness.
There definitely are CONDITIONS attached to answered prayers!
We often come across "believing" people who do not know what God's promises are according to His Word. With such a lack of knowledge concerning your Heavenly Father's promises towards you, how can you pray in faith (with trust) and remind Him of His promises? God says that faith (trust) comes by His Word?

KNOWLEDGE OF THE WORD, AND THE CHARACTER OF GOD IS OF UTMOST IMPORTANCE IS YOU WANT YOUR PRAYERS ANSWERED.
Hos. 4:6: My people are destroyed for lack of knowledge: because thou hast rejected knowledge, I will also reject thee, that thou shalt be no priest to me: seeing thou hast forgotten the law of thy God, I will also forget thy children.
There we have the accounts of the three witnesses John, Matthew and Mark on how to pray. We know these are true and established. Matt 18:16: ... in the mouth of two or three witnesses every word may be established.
If you pray according to these biblical instructions on how to pray, then you are sure to have biblical results, because it is God's blueprint for prayer.
1. We praise and worship and thank our Heavenly Father for all His blessings and mercy and grace. This is the way in which we come into His presence. (We enter His gates with thanksgiving and His courts with praise).
2. We pray to our Heavenly Father [Matt.6:9]
3. We pray in the Name of Jesus [John 14:13-14)

4. We ask according to His Will which is revealed to us through His Word.
5. Finally we thank Him for hearing and answering our prayer BEFORE we see the results. And in closing we praise and worship Him, because "to Him is the honour and the power and the glory forever and ever." God said of David, that he was a man after His own heart. I believe the reason for this was because David continually praised and worshipped God with a heart of thanksgiving.

Many people make the mistake of ending their prayers with "for Jesus' sake" which is unscriptural e.g. "Please Father heal me for Jesus' sake." The fact is that I want to be healed for my own sake, we pray in Jesus' name NOT for His sake. Always remember the enormous price Jesus paid at Calvary by dying on the cross thus giving us the privilege of being able to come as children into the presence of Almighty God our Heavenly Father to speak to Him in prayer and expect Him to answer.

Jesus' last words before He was taken up into Heaven in Mark 16 verse 18 were addressed to the church, He commanded those who believed saying: **…. They will lay hands on the sick and they will recover. Take note "WILL" recover.** This can mean immediate recovery, which is a miracle, or the recovery can be over a period of time, which will be a divine healing. In Jesus' ministry there were both miracles and divine healings, for example, He healed the eyes of the two blind men by just touching them, and immediately they could see – a miracle! (Matt. 9:27-30). Then again, He commanded the man, who was blind from birth to wash in the pool of Siloam, after He had put mud on his eyes. Only once he had washed the mud from his eyes, could he see. (Joh. 9 verses 6-7). We see that there was a period of time between Jesus' command to the blind man, and the manifestation of his healing. This was a divine healing. In Mark 1 verse 40-42, the Leper who came to Jesus had the same problem that some of us have. We know that God CAN, but we are not sure that He WILL. Jesus expressed His Will, saying: "I WILL, be thou cleansed", and he was healed instantly – a miracle!
Remember Hebrews 13:8 tells us that Jesus is the same yesterday, today and forever, and He assures us in His Word that He only does the Will of His Father who sent Him. Father God also assures us that He does not change. In Mal. 3:6 we read: For I am the Lord, I do not change. Then to the ten Lepers who approached Jesus for healing in Luke 17:11-19, Jesus gave them a command to go and show themselves to the priests, and we read that on the way they were cleansed. There was a time period between the command and the manifestation of their healing – a divine healing took place.

In all the above accounts they to believed when Jesus gave the instruction and prayed for them. WHEN YOU PRAY, believe that you receive, and you SHALL have! Mark 11 verse 24. Amen.

SKATKIS

Werp jou sorg op die Here, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie (Ps. 55; 23).
As ons na hierdie vers op 'n ander manier moet kyk, bv. : "Hou jou sorge en dan sal jy deur bekommernis oorweldig word", of " Hou jou sorge en jy sal geen rus vind nie," dan kry ons nou 'n beter begrip van die verligting wat ons in Christus het! Ons kan slegs hierdie vrede en verligting van gees geniet wanneer ons, ons gebede en versoeke in dankbaarheid vir Hom gee, wetende dat Hyverseker die probleme op die beste manier sal oplos, op Sy manier en nie ons manier nie!

Wanneer 'n kind 'n stukkende speelding het, sal hy na sy Vader hardloop, dit vir hom gee en weg hardloop om te gaan speel, want hy weet dat sy vader met sy groter kennis en wysheid dit sal regmaak. Hy sal waarskynlik soveel vertroue in hom hê dat hy selfs van die speelding mag vergeet totdat dit vir hom in perfekte werkende toestand gegee word! Jesus is ons liefdevolle Hemelse Vader en soos ons met kinderlike geloof ons laste vir Hom gee, sal ons gedra word oor die ruwe see of deur die warm droë woestyne wat ons in die gesig staar.

Daar word vir ons gesê dat Hy ons SAL onderskraag en dat ons getrou deur Hom gehou sal word. Selfs ons "getrouheid" word deur Hom gedoen. Ons moet ons "gebreekte speelgoed" saam met ons gebreektre lewens na Hom bring en dit en onsself in Sy liefdevolle en bekwame Hande los.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.
Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411.
Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.
Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129